

BAVINCK SE OPVOEDING VAN DIE CHRISTELIKE HUISGESIN.

1. Inleiding.

Die huisgesin is en bly vir Bavinck die oorspronklike en eintlike opvoedingsinstelling. Die skool is 'n aanvulling van die huis, maar in sy wese is die opvoeding die taak van die huisgesin. Daarom wy hy ook sy aandag aan die Christelike huisgesin en vind ons verder oral in sy werke dat die onderwerp deur hom met groot prominensie behandel word.

Ons wil aan die hand van die volgende hoofde let op sy beskouings oor die opvoeding in die Christelike huisgesin: die oorsprong van die huisgesin, die verstoring; die huisgesin by verskillende volke en by Israel; die huisgesin in die Nuwe Testament; die gevare en die huisgesin; die huwelik en die huisgesin; die huisgesin vir die opvoeding; die huisgesin en die maatskappy en ten slotte die toekoms van die huisgesin.

2. Die Oorsprong van die Huisgesin.

Die hemel behoort aan die Here maar die aarde het Hy aan die mens gegee; daarom skep Hy die mensdom nadat daar orde gebring is in die wêreld met alles wat daarop bestaan.¹⁾ So begin die geskiedenis van die menslike geslag vir Bavinck met bruilof.²⁾

Die man word uit die aarde geskape terwyl sy siel as asem van die lewe in hom geblaas word. Die dier, daarenteen, is met een magwoord voortgebring. Die eerste mens was dus 'n man, maar by hom is verlange na liefde: so word die

1. Sien Van Andel: Godsdienst en Wetenskap naar Geschriften van Bavinck, 138.

2. Bavinck: a. Magnalia Dei, 170 - 172.
b. Het Christelijk Huisgezin, 1.

vrou nie deur die man nie maar ook deur God geskape, ook na Sy Beeld en gelykenis. Die vrou is nie deur die man geskape nie maar uit die man. Sodoende is die mensheid één geheel, 'n liggaam met één hoof, 'n gebou met één hoeksteen.

Soos die man as man geskape is, so is die vrou as vrou geformeer: hulle hét nie as gevolg van die sonde verskillend geword nie.

Die man kry 'n tweërlei opdrag naamlik absolute gehoorsaamheid aan God en die versorging en bewaking van die hof. Hiertoe het hy nodig 'n vrou wat nie bo hom staan en hom oorheers nie of onder hom staan en deur hom tot genotmiddel verlaag word nie, maar naas hom en aan sy sy plek inneem.¹⁾ Hulle is beide mense wat in liggaamsbou en sielekrag verskil, daarom het hulle dieselfde roeping maar tog verskillende take en werksaamhede binne die roeping.²⁾

Die man moet die ganse aarde aan sy voete onderwerp, dit ontgin en regeer. Die vrou moet hom in vrye gehoorsaamheid en selfstandige medewerking behulpzaam wees: dus met liggaam en siel, wysheid en liefde, hoof en hart. Behulpzaam moet sy wees om die menslike geslag voort te plant, om kinders op te voed in die vrese van die Here, om aan 'n ryk van redelike en sedelike wesens die aansyn te skenk en sodoende deur die mensheid wat uit haar sal voorkom, die aarde te onderwerp.³⁾

Beide die man en die vrou werk dus aan die Goddelike werk. Hulle is 'n twee-eenheid wat nie geskei mag word nie, maar dit brei uit tot 'n drie-eenheid in die kind. Vader, moeder en kind is één siel en één beeld van God, één in drie-

1. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 160, 202.

2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, .8.

3. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 14 - 35.

voudige verskeidenheid en verskeie in harmoniese eenheid. Hierdie drie-eenheid van verhoudinge, betrekkinge en eienskappe maak die grondslag van die hele maatskaplike samelewing uit: die gesag van die vader, die liefde van die moeder en die gehoorsaamheid van die kind: hierdie drieklank vorm ook die grondtoon van elke harmoniese mens se sielelewe.¹⁾

Geen man is volmaak sonder 'n vrou, geen vrou sonder 'n man en hulle beide nie sonder 'n kind nie. Gesag, liefde en gehoorsaamheid is ook die pylers van die menslike samelewing.

3. Die Versteuring van die Huisgesin.

Deur die sonde van Adam en Eva kort na die skepping ly alles, en nie die minste nie, die huisgesin. Hier kom dadelik 'n ommekeer in die huislike orde: in plaas van te volg en te gehoorsaam, neem die vrou die leiding in die hande met die verleiding van die mens.

'n Verskriklike verandering tree by die mens in: hulle skaam hul vir hulself, vir mekaar, vir die wêreld en bo alles vir God.²⁾ Tog is in die skaamtegevoel vir die opvoeding 'n groot seën opgesluit, want die dier en die duiwel het geen skaamtegevoel nie en is dus nie opvoedbaar nie.³⁾ Die mens se gewete en skaamtegevoel help hom om sy bestemming te bereik: dit dryf hom om sy naaktheid te bedek.

Bavinck wys daarop dat die vrou as moeder gestraf word deur wat vir haar die grootste weelde is, juis die grootste liggaamlike en geestelike smart word. So ook word die aarde vir die man vervloek, sodat hy die stryd moet aanknoop teen die natuurkragte: hy moet arbeid met hoof en hand, pynlik en moeitevol, sy lewe lank.⁴⁾

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 10.

2. Gen. 3.

3. Sien Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 159 - 163.

4. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 17.

Soos die mens die band met God verskeur het, so word sy harmonie met die wêreld verbreek. Met moeite moet die mens nou in die wêreld voortworstel. Rusteloos word hy voortgedryf deur liefde en honger.

Die straf hou egter ook 'n seën in: waar die mens die dood verdien het en tot niet sou gaan, is daar nou vir hom geleentheid om te lewe. Tans word Eva die draagster van die lewe, die lewe van die mensheid. Uit haar sal ook die Christus gebore word. Sy kan kinders voortbring en hulle opvoed.

4. Die Huisgesin by die Volke.

(a) Verskillende Volke.

Al gou tree die uitwerking van die sonde na vore: Adam beskuldig vir Eva en Kaïn pleeg broedermoord; Lameg word gedryf tot veelwywery en Tubal-Kaïn smee swaarde vir oorlog. Wraak en wraaksug is die gevalle mens se inspirasie tot sy eerste lied: goddeloosheid en sedeloosheid gaan hand aan hand.¹⁾

Die mensdom versprei en die huisgesinne ontwikkel: sommige families was betreklik rein en die opvoeding voorbeeldig; by ander ontaard die familielewe en opvoeding op 'n verskriklike wyse.²⁾ Die huisgesin ontaard sodat die mense soos die diere van die veld lewe, waarin vroue-roof en onsedelikheid hoogty vier. In hierdie vrye verkeer het die kind sy moeder geken maar nie sy vader nie; daardeur was daar 'n noue verwantskap tussen moeder en kind. Sodoende word die moeder baas van die gesin.

Toe die jagters- en visserslewe vir die landbou plek maak, het hulle nie meer so rond getrek nie en sodoende is ge-

1. Sien Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 10 - 11.

2. Ibid., 8 - 9.

sinne opgebou. Deur geleidelike oornam van die mag neem die manneheerskappy nou die plek in van die vroueheerskappy in die gesin.

Dit was 'n treurige tydperk vir die gesin wat van 'n leërskaar van ongeregthede omring was: ontroue mans, eie-sinnige vroue, ongehoorsame kinders, slawerny, hoerery, egbreek, bloedskande en baie ander sondes het die huisgesin bedreig.

Bavinck sien 'n wonder van Gods genade en leiding van Sy voorsienigheid daarin dat die huisgesin na hierdie insinking weer opgehef word deur geskrewe en ongeskrewe wette, sedes, gewoontes en gebruike.¹⁾

(b) By Israel.

Waar die ander volke deur afgodediens en bygeloof tot groter onsekerheid gedryf word, beskik die Israëliet oor die Wet van die Here wat hom uit Egipteland gelei het. Die tweede tafel van die gebod leer die Israëliet liefde tot God wat ook die grondslag tot naasteliefde vorm.²⁾

By die vader van die huis het die gesag en mag van die huisgesin berus, terwyl die moeder hoog geskat is.³⁾ Ons mis egter wette wat die regte van die vrou en kind beskryf; die regte van die vrou en kind was vir die grootste gedeelte egter in die sedes vasgelê. Die sedes het aan die vrou en kind 'n groot mate van selfstandigheid toegeken. Sara, Rebekka, Ragel en Hanna gee vir ons nie die indruk van slavinne nie hulle was vrye vroue wat geliefd en geëerd was.

In die Israëlitiese huis moes die kinders opgevoed

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 31.

2. Ibid., 38.

3. Gen. 43:29.

word in die vrese en kennis van die Here 'se weë,¹⁾ terwyl hulle aan ouers en oueres eerbied verskuldig was.

Die huwelik was by Israel wel 'n burgerlike instelling, tog was dit van Goddelike oorsprong; daarom ook dat die huisgesin bevestig was deur 'n tal van bepalinge wat egtelike gemeenskap tussen naasbestaendes verbied. Die heiligheid van die huwelik kom egter daarin die meeste uit dat dit beskou was as 'n beeld van die troue verbond tussen God en sy volk.²⁾

Die Israeliet het altyd in gedagte gehou dat die Messias uit 'n vrou gebore sal word; daarom was die huislike opvoeding van so 'n aard dat dit altyd met die hoë verwagting rekening hou.³⁾

5. Die Huisgesin in die Nuwe Testament.

(a) Sy Ontstaan en Betekenis.

Die Nuwe Testament begin met die verhaal van die wonderlike geboorte van Jesus uit die maagd Maria. Sy gee haar in volkome onderwerping oor as sy die boodskap van die engel oor die geboorte van Jesus verneem. Waar Eva haar losgemaak het van die Woord van God en haar eie weg ingeslaan het, neem Maria die Woord van God sonder murmure~~ring~~ of teenpraak aan, omdat sy deur God self toeberei en gevorm is om die ontvangster van die hoogste openbaring te wees.⁴⁾

Bavinck wys daarop dat Jesus, hoewel Hy die Seun van God was, Hom nie vir sy vader, moeder en broers geskaam het nie; maar Hy was gehoorsaam aan Sy ouers en was hulle onderdanig.

Hierdie heilige familie met sy opvoeding noem

1. Ex. 10:2; Deut. 4:9.

2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 45.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 25.

4. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 48.

Bavinck as voorbeeld vir die Christelike huisgesin.¹⁾ Jesus
het nie getrou nie omdat Sy bruid die gemeente was, maar Hy
het die vrou hoog geag en haar opgebeur.

In die Nuwe Testament word die gesonde verhouding in
die huisgesin beklemtoon:²⁾ die man bly man, die vrou bly
vrou en die kind bly kind; so bly die slaaf nog slaaf selfs
al is hy tot die Here bekeer. Maar die huisgesin, wat deur
die sonde ontaard en verwoes is, word deur Christus herstel
en vernu.³⁾ Die man bly nog die hoof van die huis en die
vrou is aan hom onderdanig maar beide is in Christus geheilig;
hulle het dieselfde geloof, doop, Avondmaal, Heilige Gees en
beide het dieselfde toegang tot die Vader. So behoort die
kinders tuis op die erf van die gemeente en is erfgename van
die verbond.

Ouers is verplig om hulle kinders op te voed in die
lering en vermaning van die Here en kinders moet hulle ouers
liefhê en gehoorsaam in die Here.⁴⁾ Hoewel dus mans, vrouens
en kinders te onderskei is, vorm hulle één uitverkore geslag,
één heilige volk, één koninklike priesterdom. Dienooreenkom-
stig moet die opvoeding in die Christelike huisgesin wees.⁵⁾

Die geestelike verheffing van die vrou onder die
Christendom het vir die huisgesin veel heil meegebring: dit
het beter vroue en kinders van die mense gemaak; die skoon-
heid en rykdom van die vrou se gemoedslewe is weer in die lig
gebring en die vrou word 'n selfstandige persoonlikheid met 'n
eie gedagte en wil. So word die vrou weer moeder in die ware

-
1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 51.
 2. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 41.
 3. Bavinck: a. Het Christelijk Huisgezin, 59.
b. De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 36 - 44.
 4. Ef. 6:1,4; Kol. 3:20,21.
 5. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 15 - 16.

sin van die woord, nie alleen die voortbrengrster nie, maar ook die opvoedster van haar kinders. Die huisgesin word nou weer saamgebind tot een kring en een gesin wat nie alleen 'n deel van die staat was nie, maar 'n selfstandigheid wat die grondslag van die hele maatskaplike samelewing vorm.

(b) Gevare wat hom Bedreig.¹⁾

Die huisgesin word gedurig bedreig deur bese dinge soos doodslag, owerspel, valse getuienis en lastering, wat uit die mens se hart voortspruit. Hier was die Christelikheid van onberekenbare waarde, deurdat dit die afdwalinge teëgaan en bestry. Maar selfs die Christendom, met name die asketisme, het afgedwaal en die huwelik as onwaardig voorgestel.²⁾

Dit het tot die veragting van die vrou gelei en gevolglik tot losheid in die huwelik, tot onsedelikheid en so-doende tot verwaarlosing van die huislike opvoeding.

Die huisgesin het agteruit gegaan en word grootliks bedreig deur losbandigheid en losmaking.³⁾ Bavinck meen dat die huisgesin nooit in so 'n ernstige krisis verkeer het as juis in hierdie eeu nie.⁴⁾ Daardeur word die opvoeding in die huis skade berokken en word meer en meer op die staat gesteun wat die opvoeding moet behartig.

(c) Die Huwelik en die Huisgesin.

Deur die huwelik en die huisgesin meer op gesonde basis te bring en harmonie te herstel, is vir Bavinck die oplossing van die ongesonde heersende toestande. As dit in die huisgesin reg is, sal die opvoeding ook weer gesond en doeltreffend wees.

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 66 - 80.

2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 472.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 30.

4. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 80.

Soos alle goeie en duursame hervorming by ons self begin en sy uitgangspunt in ons eie hart en lewe het, so wil Bavinck dat die bedreiging van die huisgesin in eie kring bestry word. Die wat op die staat vertrou, sal wag op wette, stembusaksies en statistieke, maar hiervan verwag Bavinck nie veel nie. Hervorming van binne uit kan deur elkeen ter hand geneem word sonder belemmering. So'n geestelik-sedelike hervorming het ook verder die voordeel dat dit nie in stryd met die natuur is nie en opvoedend werk.¹⁾

Die man, die vrou en die kind wat een huisgesin vorm maar wat na liggaam en siel verskil, moet hulle onderskeie en regmatige plekke in die huisgesin inneem. So het elk ook 'n besondere reeks van sondes waarteen hulle moet waak. Tog hoort hulle bymekaar: dit was so in die begin en dit bly so.²⁾

Romans sluit gewoonlik die liefdegeskiedenis met die huwelik af; vir Bavinck lê daar egter veel waarheid in die bewering dat die lewe in werklikheid eers na die bruilof begin:³⁾ Onder die teenspoede, rampe en ongevallen, onder krankhede en dood, nood en ellende in die huwelikslewe, dra die man, vrou en kind mekaar se laste. Hier leer die lidmate van die huisgesin mekaar se gebreke maar ook mekaar se voortreflikhede ken. Die Skrif bly egter die enigste boek wat vir hulle in alle opsigte die waarheid openbaar en die werklikheid laat sien soos dit is.

Al sou die huisgesin alle onderwysing van die Skrif verwerp, bly een ding vasstaan:⁴⁾ as die huisgesin in die weë wandel wat voorgeskryf is, sal die huwelikslewe en

-
1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 147.
 2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 90.
 3. Ibid., 96.
 4. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 123.

huislike lewe die skoonste en glansrykste vereniging en gemeenskap op die aarde wees.¹⁾

In sy wese is die huwelik vir Bavinck net so min verbreekbaar as die band tussen moeder en kind.

„Het is de innigste, diepste, teederste liefde, die man en vrouw, naar alle zijden, voor hun gansche leven verbindt; het is eene zedelijke instelling, die beiden opvoedt, verrijkt, volmaakt.“²⁾

6. Die Huisgesin en die Opvoeding.

(a) Die Geboorte van 'n Kind.

Die huwelik lê in eerste instansie 'n verbintenis tussen man en vrou, sodat hulle mekaar kan help en bystaan met die dinge wat tot die tydelike en ewige lewe behoort. Daar kom egter by dat hulle die menslike geslag moet voortplant en die koninkryk van God moet uitbrei. Daarom ook dat God by die skepping dadelik die seën van vrugbaarheid oor die menslike geslag uitspreek.

Dit wys dat die asketisme, wat onthouding van huwelik en geslagslewe voorstaan, maar ook die libertinisme wat die vlees selfstandig maak teenoor en bo die gees, verkeerd is.

Die huwelik is 'n heilige instelling van God; daarom is in daardie huwelik ook die geslagsgemeenskap aan die sedewet gebonde. Die sedelike betekenis van die generasie kom daarin uit dat dit aansyn skenk aan 'n menslike wese. Een ekstasie van lus is verbonde met 'n ontsaglike erns: dit skenk aan 'n mens sy aansyn, 'n mens wat van sy ontvangenis af aan sonde en dood, moeite en verdriet en 'n eindelose voortbestaan onderworpe is.

Die geboorte van 'n mens is en bly 'n misterie, nie-

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 109.

2. Ibid., 112.

teenstaande al die wetenskaplike ondersoek. Die oorsprong en wese van die lewe, die ontstaan van die siel met sy kragte, die oorsaak en onderskeid in geslag, die oorsaak van vrugbaarheid en onvrugbaarheid - dit alles bly vir die mens verborge. So is die ganse gebied van die oorerwing vir die mens 'n raaisel. Die mens bly maar 'n instrument deur wie 'n hoër skeppende krag werk.

Deur hierdie skeppende krag sien Bavinck 'n kunswerk van God wat tot stand kom, 'n kunswerk wat die naam van huis-¹⁾gesin en familie dra.

Dit is dan dadelik vir die kind van belang dat hy 'n vrug van die gemeenskap is en dat hy in en deur die gemeenskap bestaan. Die gemeenskap kom nie deur sy wil tot stand nie, maar het lank voor hom bestaan: dit gee aan hom die lewe, voed hom en onderhou hom. Dit is 'n gemeenskap van ouers, broers en susters waarvan hy sonder toedoen nou lid geword het. Aan hierdie gemeenskap kan niks afgedoen en niks bygevoeg word nie: dit is Gods wil dat hy so bestaan en hy moet as sodanig aanvaar word. Ons voorouers, ouers, broers en susters, ons land en volk, familie en plek van inwoning is lank vooruit bepaal en oefen op ons ganse bestaan en ons lewe sy magtige invloed uit. Ook die grondvorm van ons liggaamlike en geestelike lewe, waaraan geen latere ontwikkeling iets kan verander nie, bring ons uit die gemeenskap mee.²⁾

(b) Eenheid en Verskeidenheid van die Huis as Opvoedingskool.

Maar hierdie betekenis van die gesin vir die enkeling word nog verder daarin ontplooi dat die eenheid van die familie hom ook in die rykste verskeidenheid openbaar en

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 117.

2. Ibid., 118.

sodoende vir die kind die ideaalste omgewing skep waarin 'n mens opgevoed kan word.

Elke gesin dra 'n eie karakter en is op sigself 'n tipe; al die lede het sekere trekke wat hulle in die gemeenskap het. Deur erflikheid is daar nie alleen gemeenskap in bloed nie maar ook 'n ooreenstemming in die sielelewe van die gesin of selfs van die geslag. Hierdie gemeenskap van bloed en siele van stoflike en geestelike skatte hou die lede van die familie ¹⁾ aanmekaar hoe ver hulle ook van mekaar af woon. Die eer en skande wat hulle aangedoen word, is gemeenskaplik. Die sterkte van die bande word selfs aangetoon in broederhaat en familietwiste wat in sterkte en bitterheid alle ander haat en twiste oortref. ²⁾

Opvallend van die huisgesin is egter dat hierdie eenheid ook 'n merkwaardige verskeidenheid insluit. Dit is 'n gemeenskap wat 'n rykdom van eienskappe en verhoudinge meebring. Dit is nie alleen die verhouding tussen man en vrou, broer en suster, ouers en kinders nie -want die verhouding by almal is verskillend- maar namate die familie uitbrei, brei ook die verhoudinge uit.

Die verskeidenheid van die huisgesin is nie net in die verhoudinge geleë nie, maar ook in die eienaardighede wat aan elke lid van die familie behoort. Manlike en vroulike eienskappe, liggaamlike en geestelike kragte, ouderdom en jonkheid, sterkte en swakheid, gehoorsaamheid en gesag, eenheid en verskeidenheid van belange, agting en liefde, verstand-, wils- en gemoedsgawes kom alles in een familie voor en meng hulle in die familie. Hierdie verskeidenheid in die

1. Sien Bavinck: Ouders of Getuigen, 58 - 62.

2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 119.

familie trek aan of stoot af; dit verbind of verwyder, sodat 'n familie self 'n klein koninkryk kan wees wat teen homself verdeeld is.

Die eenheid en verskeidenheid word van dag tot dag deur die vader en die moeder gehandhaaf. Die gemeenskaplike taal, lief en leed, godsdiens en sedes, vreugde en droefheid, siekte en herstel, dood en rou bewaar die eenheid en hou die verskeidenheid in ewewig.¹⁾

Na hierdie insiggewende uiteensetting kom Bavinck tot die besluit dat die kostelike eienskappe die huis verhef tot die eerste en beste skool van opvoeding wat daar bestaan. Dit is wel waar en skrikwekkend dat sommige kinders deur die staat teen hulle ouers beskerm moet word, maar dit bly die uitsondering en nie die reël nie, want geen instelling deur kerk of staat kan die huisgesin vervang nie.²⁾ So tref Bavinck op geen ander plek 'n eenheid en gemeenskap, 'n verskeidenheid en afwisseling wat die vormende element en opvoedende krag moet uitmaak aan nie, as juis in die gesin. Geen kuns kan vir hom die natuur en geen wetenskap hierdie lewe verbeter nie. Daarom verbaas hy hom dat daar bewegings is wat die kinders aan die huislike opvoeding wil onttrek.³⁾

Die onttrekking van kinders uit die huisgesin sal nie net vir die kinders skadelik wees nie maar ook vir die ouers, omdat laasgenoemde nog glad nie met hulle opvoeding klaar is nie. Die huisgesin voed die ouers beter op as enige onderwysinrigting. Daarom is die huisgesin nie alleen 'n skool vir die kinders nie maar 'n belangrike skool vir die ouers.⁴⁾

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 120.

2. Ibid., 121.

3. Bavinck: „De Psychologie van het Kind“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1909, 116.

4. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 122.

(c) Die Man en Vrou as Opvoeders van hulle Kinders.

Die man is nog hoof van die gesin. Dit sluit nie meer in dat hy 'n absolute gesag oor sy vrou en kinders het nie, of hulle enigste onderwyser en meester is nie; want die staat, kerk, maatskappy en skool het die regte en pligte van die gesin ingekort.¹⁾ Tog bly hy nog die hoof van die gesin,²⁾ nie deur die toestemming van sy vrou of kinders nie, maar kragtens die gesag deur God aan hom gegee. Hy is nog priester, waar hy voorgaan in die godsdiens, nog onderwyser, vir sover hy uit meerdere wysheid en ervaring leer en lei. Hy is nog vader, nie alleen omdat hy die kinders verwek het nie, maar in soverre hy hulle lei en voorgaan, bemoedig en versterk, waarsku en straf. Na buite verteenwoordig hy die familie in sover hy sy naam, eer en stand aan hulle gee en hul belange behartig.

Die vrou het 'n ander taak in die huisgesin.³⁾ As die man die hoof van die huis is, dan is sy die hart van die gesin. Die man bring die vrugte in die huis, die vrou deel dit uit; die man is die stigter van die gesin, die vrou is die bewaarster; die man leef in die maatskappy; die vrou leef in haar gesin; die man het invloed van binne en mag na buite; die vrou het mag van binne en invloed na buite. Die vrou rig die huishouding in, orden en versier die woning en gee in die huis die toon aan. Omdat sy almal se karakters ken en elkeen se behoefte weet, beskerm sy die swakke, versorg die gebrekkige, waak by die kranke, troos die treurende, bind die sterke in en ontmoedig die oormoedige. Meer as die man leef sy saam met die kinders, daarom is sy vir hulle 'n troos in leed, die raad in nood, die toevlug en skuilplek

-
1. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 239.
 2. Bavinck: Ouders of Getuigen, 56.
 3. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 238.

1)
by dag en nag. Daarom vertrou die man op haar en haar kinders roem haar.

Sodoende voed die man, die vrou en die kind mekaar op.

In teenstelling met die teenswoordige opvatting oordeel die Heilige Skrif dat die huwelik geseën word met kinders, wat as 'n seën van God en 'n erfdeel van die Here is. Kinders' is die weelde van die huwelik, 'n skat vir die ouers, die rykdom van die huislike lewe, en die ouers bly vir hulle aanspreeklik.

Bavinck is van mening dat kinders 'n reeks van deugde by ouers ontwikkel. Hulle ontwikkel die vader- en moederliefde, lê by die ouers selfsug aan bande, gee aan hulle gemeenskaplike belange en dit open die ouers se oë en hart vir die omgewing en nageslag. Die huisgesin het daarom hervormende invloed op die ouers: dit maak selfsugtiges tot dienendes, gierigaards tot milddadiges, swakkes tot sterkes, lafaards tot helde, ruwe vaders tot sagte lammers, tere vroue tot leeuinne van moed. As die huisgesin weggeneem word, stem Bavinck saam met Calvyn dat die mensheid sal verander in 'n „beestenboel“.³⁾

(d) Invloed van die Staat op die Opvoeding van die Kind.

Die invloed van die huisgesin is vir die ouers van groot belang. Die invloed op die kind is egter nog sterker.

Dit verheug Bavinck dat daar in hierdie eeu van die kind soveel aandag aan hom gegee word, nie alleen deur

-
1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 125.
 2. Bavinck: De Offerande des Lofs, 22.
 3. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 126.

1)
onderwysers en predikante nie maar ook deur sielkundiges,
regsgeleerdes en sosioloë, wat hulle besig hou met 'n studie
van die kind. Die staat en kerk stel belang in die kind en
wil sy welsyn bevorder.

Die huisgesin se invloed op die kind bly egter
groot. Maar die staat wil graag stelselmatige opvoeding
hê, wat ongelukkig gebaseer is op die ewolusionistiese ver-
onderstelling dat die mens eintlik nog nie is nie maar nog
steeds in wording is.²⁾ Vanuit hierdie standpunt moet
die opvoeding op die sielkunde gebou word wat die wording
van die menslike siel openbaar. Op sy beurt moet die siel-
kunde op die biologie rus wat die ontstaan en wasdom van die
lewe verklaar. Die biologie is weer afhanklik van die af-
stammingsleer.

Op sy tipies polemiese wyse stel Bavinck hierdie
opvatting aan die kaak. Tot dusver sou die ontwikkeling
dan onbewus gewees het, oorgelaat aan die natuur.³⁾ Tans
het daar 'n kultuurmens ontstaan met sy bewussyn en wil,
met sy ken en kan. Hy moet nou die natuur se werk oorneem
en met sy wetenskaplike insig aan die verbetering van die
menslike geslag arbeid. Die kunsmatige teelkuns moet nou
voortsit wat deur die natuurlike teelkuns begin is.⁴⁾ Die
mens sal dan langamerhand veredel word, net soos die blom
en die plant en die perd en die koei. Die mens was 'n dier;
hy het 'n mens geword en sal nog tot 'n engel ontwikkel.⁵⁾

6)
Aan hierdie opvatting het Bavinck 'n hekel. Dit

-
1. Bavinck: „De Psychologie van het Kind“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1909, 105 - 108.
 2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 129.
 3. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 32.
 4. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 130.
 5. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 51.
 6. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 255.

wantrou die huisgesin, bring dit op allerlei wyse in verdenking en rig die verwagting in die toekoms van die menslike geslag meer en meer op die staat. Die staat word sodoende meer en meer die natuurlike versorger van die kind. Nie alleen van die arm, misdeelde, verwaarloosde, mishandelde en ongenoegsaam versorgdes nie, maar ook van die rykes en gegoedes. So word alles ingerig om die natuurlike, huislike opvoeding van die gesin deur kunsmatige en stelselmatige opvoeding van die staat te verdring.

By Bavinck gaan die geskil nie daaroor dat die staat in sy burgers se opvoeding en onderwys belangstel nie. Dit lê voor die hand dat die staat kinders deur wette beskerm. Daar is egter 'n matige, steeds aanwassende stroom wat stelselmatige en kunsmatige opvoeding verlang. Hulle bedien hulself van talle voorbeelde uit ongelukkige gesinne wat hervorming en verbetering van die huisgesin eis.

Teenoor hierdie voorstanders van staatsabsolutisme is daar vir Bavinck gelukkig nog baie wat kragtig roep: „vergeet bij de opvoeding het huisgezin, en in het huisgezin¹⁾ vooral de moeder niet!”

Vir Bavinck gaan minagting van die opvoeding in die huisgesin gewoonlik gepaard met 'n oordrewe skatting van die opvoeding se mag.²⁾ Onder invloed van die ewolusie wil die mense die mensdom deur opvoeding vervolmaak. Hulle wys daarop dat die huislike opvoeding volstrek nie aan die verwagting beantwoord het nie. So het die Christendom ook in agtien eeue weinig tot die verbetering van die menslike geslag bygedra.

Die gedagte oor die almag van die opvoeding is vir

1. Bavinck: a. Het Christelijk Huisgezin, 133;
b. De Offerande des Lofs, 25.

2. Ibid., 23.

Bavinck in stryd met alle feite wat waargeneem word.¹⁾ Dit stuit op die nugtere werklikheid dat elke mens klein en swak, hulpeloos en hulpbehoewend, sondig en onrein gebore word. Daarom moet alle opvoeding en onderwys by elke kind weer van vooraf begin. Die Christendom en ook die algemene beskawing het wel uitwendige vorme in die maatskaplike toestande enigsins verbeter, maar die menslike natuur met dieselfde bese beraadslaginge en bedenkinge kom nog in die mens se hart voor. Elke kind word opnuut in sonde ontvang en gebore en die opvoeding kan daar niks aan doen nie.²⁾ Om dus 'n eis te stel dat die mensheid volmaak moet word, lê aan die ouers 'n onmoontlike taak op en maak hulle moedeloos in plaas van om hulle te steun en te bemoedig.³⁾

Dit is vir Bavinck maklik soos vir die voorstanders van gesistematiseerde opvoeding om die gebreke wat die huislike opvoeding aankleef, op te som. Dit is ook maklik om in teorie goue berge in die opvoeding te belooft. Hierdie verwagting is egter op sand gebou.

Bavinck wil van die stelselmatige opvoeding nie kwaad spreek nie maar wil dit as 'n weldoener beskou. Dit brei ons kennis uit en bewys aan die opvoeding onskatbare dienste; dit doen wenke aan die hand wat vir die opvoeding in die algemeen tot groot heil strek. Dit sterk, lei en verbeter die mens se lewe maar dit kan nie die lewe vervang nie.

Aan die skool gaan die gesin vooraf, aan die teorie die praktyk, aan die leer die lewe.⁴⁾

-
1. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 266.
 2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II 546 e.v.
 3. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 135.
 4. Ibid., 138.

(e) Die Huisgesin bly die Ideale Opvoedingsinstituut.

(i) Die Huisgesin as Gawe van God.

Die huisgesin is en bly vir Bavinck die opvoedingsinstituut by uitnemendheid. Bo alle ander inrigtings het dit uit die staanspoor die voordeel dat dit nie kunsmatig deur mense daargestel is nie. Deur 'n geheimsinnige band en op onbegryplike wyse word 'n man en 'n vrou tot mekaar aangetrek en kies hulle mekaar. Uit hulle word kinders gebore wat in geslag, aard en aanleg dikwels heeltemal anders is as wat hulle self gewens of begeer het.¹⁾ Die huisgesin is daarom geen mensemaaksel nie maar 'n gawe van God wat dit in Sy welbehag aan die mens geskenk het.²⁾

(ii) Die Huisgesin is Vol Lewe.

Die huisgesin is nie 'n leë vorm wat ingevul moet word nie, maar dit is ryk en vol lewe: die man en vrou wat van verskillende families afkomstig is, bring verskillende eienskappe, tradisies, neigings, karaktertrekke en bloedverwantskappe mee.³⁾ En elke kind wat uit hulle gebore word, is 'n nuwe persoonlikheid wat van die ander te onderskei is deur sy eie aard en bestaan. Hierdie verskeidenheid van persoonlikhede wat deur God se vrye beskikking saamgebring is, bring 'n rykdom van verhoudings mee. By hulle vind ons 'n skat van gawes, 'n wêreld van liefde en 'n wonderlike verbinding van regte en pligte.

Die huisgesin is die eerste en vernaamste openbaring van persoonlikhede in die wêreld.⁴⁾

-
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 31.
 2. Bavinck: Magnalia Dei, 172.
 3. Ibid., 394 - 396.
 4. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 139.

(iii) Besondere Karakter van die Huislike Opvoeding.

Bavinck skryf aan die huislike opvoeding 'n heel besondere karakter toe. Die huisgesin en die huislike opvoeding kan nie deur die mens nagmaak word nie.

En omdat die huisgesin en die huislike opvoeding nie nagmaak kan word nie, kan dit ook deur geen skool of kinderskool of staatsopvoedingsinrigting vervang of vergoed word nie.

In die huisgesin word die kind heeltemal anders opgevoed as in die skool: hy is nie gebonde aan 'n rooster nie; sy weldade word nie by minute of ure uitgedeel nie; hy word gevorm en opgevoed sonder dat hy daarvan rekenskap kan gee. Daar is nie alleen die gewone onderwys nie, maar ook die be- moediging en vertroosting, versorging en deelneming, raad-¹⁾ gewing en waarskuwing, vermaning en leiding. Alles in die huisgesin voed op: die pasgebore kind, die siek kindjie, die jonger sussie, die ouer broer, die stem van die moeder, die handdruk van die vader, die ooms en die tantes, die grootouers en kleinkinders, die gaste en vriende, die feesdae en dae van droefheid, die voorspoed en teenspoed, die rusdag en werksdag, die gebede en huisgodsdienste, die ete en danksegging. Sonder vasgestelde plan en tyd is alles en almal besig met opvoeding; sonder program en metode gaan van die opvoedende krag uit wat nie vooraf bereken of beplan is nie. Elke nietigheid, elke kleinigheid en elke beuselagtigheid oefen sy werking uit.²⁾ So is die huisgesin vir Bavinck die skool van die lewe omdat dit die huis en haard daarvan is: dit is die lewe self wat hier opvoed; die onuitputlike, alsydige, ryke, groot lewe.

(iv) Die Huislike Opvoeding omvat die Hele Mens.

Waar die skool vir Bavinck die mens in afsonderlike

-
1. Bavinck: De Navolging van Christus en het Moderne Leven, 19.
 2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 140.

eenhede indeel, sodat daar 'n afsonderlike opvoeding is vir die verstand, die geheue, die wil, die gevoel, die verbeelding en nog meer, daar omvat die huisgesin en huislike opvoeding die ganse mens.

By die huisgesin is daar nie 'n indeling van afsonderlike eenhede nie: dit is alles in een soos die knop van 'n blom.¹⁾ Die kind leer en oriënteer hom langsamerhand in sy klein wêreld en doen daarin 'n skat van gewaarwordinge, aandoe-ninge, voorstellinge, woorde en gedagtes op. Alles gaan so ongemerk, geleidelik en onafgebroke: dit is die lewe wat op-voed, deur die lewe en vir die lewe. Nie alleen die waarne-ning, die geheue en die oordeel word geoefen nie, maar ook die verbeelding, die wil, die gewete, die gemoed, die hart, die spiere en die hoof, hand en voet. Eiesinnigheid, ondeugde, selfsug en jaloersheid word teengegaan en deugde soos reinheid, orde, gehoorsaamheid, barmhartigheid en mededeelsaamheid word aangekweek. Geen ander skool kan die opvoeding so behartig nie.

„In het huisgezin heeft de menschwording van den mensch plaats; hier wordt de grondslag gelegd voor vorming van den toekomstigen man en vrouw, van den vader en moeder, van den lid der maatschappij, van den staatsburger, van den onderdaan in het koninkrijk Gods.“²⁾

(v) Opmerking.

|| Met hierdie skitterende uiteensetting het Bavinck die huisgesin en die huislike opvoeding in 'n tydperk voorop gestel toe die huislike opvoeding geminag is. Sy standpunt wat moeilik aanvegbaar is, geld vandag nog net soos in 1908. Vir die Christelike standpunt in die opvoeding maar ook vir die nie-Christelike is Bavinck se huislike opvoeding van die aller-grootste belang. Dit is en bly 'n kostelike kleinood waarvan

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 141.

2. Ibid.

die waarde nie maklik oorskat kan word nie.

7. Die Huisgesin, die Maatskappy en die Opvoeding.

Die geskiedenis van die menslike geslag begin ooreenkomstig die skeppingsgedagte vir Bavinck nie atomies met 'n groep losse individue nie, maar organies, met 'n huwelik en 'n huisgesin. In hierdie huisgesin lê in kiem opgesluit die ryke verhoudings wat ons later in die maatskappy aantref. Die ongelykheid wat ons aantref, is 'n gevolg van die sonde en dit het op die aarde bestaan vandat die sonde in die wêreld gekom het.

Uit die eerste huisgesin kom daar in die loop van die eeue verskillende families, geslagte, stamme, rasse en volke tevoorskyn. En onder die volke het daar oral 'n ryk samelewing ontwikkel wat in die algemeen met die naam maatskappy aangedui word.

Omdat die mens nooit 'n eenling kan wees nie, wil hy graag in 'n maatskappy woon. Maar die maatskappy verskil van die huisgesin, kerk, en staat daarin dat dit sy eie breë¹⁾ terrein van die menslike denke en handeling bewandel. So is die maatskappy 'n ontdekking van die nuwe tyd.

In die maatskappy word daar ook aan elke onderdaan 'n plek aangewys en elkeen het sy besondere taak te vervul. Hierin het die maatskappy soos die huisgesin ontwikkel: soos die kind in sy allereerste jare al die grondvoorstelling en grondbegrippe leer, waarmee hy later moet arbeid, so was²⁾ daar ook by die maatskappy 'n buitengewone ontwikkeling.

Die maatskappy is egter nie 'n samevoeging van huisgesinne nie, tog is die gesondheid van die gesin 'n maatstaf vir

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 146.

2. Ibid., 158.

die gesondheid van die maatskappy. Waar daar dan ook groot¹⁾ ontevredenheid oor die maatskappy bestaan, lê die verbetering daarvan nie daarin om dit tot op die grond af te breek nie, maar wel daarin om die huisgesin te verbeter.²⁾

Maar om die individu en die gemeenskap beide tevrede te stel, kan dit alleen geskied wanneer daar 'n sedelike mag bo hulle staan soos ons dit in die Christelike huisgesin aantref.

Bavinck stel die waarde van die huisgesin vir die maatskappy se sedelike welstand hoog.³⁾ In die huisgesin leer 'n mens die verhoudinge van vryheid en gebondenheid, selfstandigheid en afhanklikheid, gesag en gehoorsaamheid, gelykheid en onderskeid. Nie deur teoretiese onderwys en op skoolse wyse nie, maar prakties en deur selfbelewing leer die mens die regte verhoudinge. Die een wat sy vader eer, eerbiedig ook later die gesag wat deur God daar gestel is om hom te regeer. Wie sy moeder waarlik lief het, sal hom nie vergryp aan die eer van 'n vrou nie. Wie sy diensbodes as huisgenote beskou, kan nie 'n tiran wees nie. Die huisgesin wat die kweekplek van liefde is, voed die mens op: hierdie liefde en opvoeding word later op die maatskaplike verhoudinge ingeënt. Sonder liefde is daar vir Bavinck geen⁴⁾ sprake van hervorming in die maatskappy nie.

Selfsug, geldsug of heersug is nie die fondament en sement van die Christelike maatskappy nie, maar wel liefde. Die Christendom is nie die argitek nie, maar die siel van die maatskappy. Wie daarom die huisgesin verwoes, grawe

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 164 - 165.

2. Bavinck: Hedendaagsche Moraal, 72 - 73.

3. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 176.

4. Bavinck: Ibid., 177.

die sedelike grondslae weg waarop die maatskappy as sedelike instituut gevestig is.¹⁾ Daarom is in so 'n maatskappy ook geen ware opvoeding en onderwys moontlik nie. Maar hy wat die liefde bo die heerssug in die maatskappy stel, doen werk wat God welgevallig is. Want God is liefde en liefde is dan ook die wet van sy koninkryk. In so 'n maatskappy is opvoeding en onderwys moontlik.

8. Die Toekoms van die Huisgesin.

As dit dan waar is dat die welstand van die maatskappy van die gesondheid van die huisgesin afhang, dan is dit vir Bavinck van belang dat die huislike lewe en huislike opvoeding gesond moet wees.

Die huisgesin en huislike opvoeding is egter langsamerhand deur die staat, die kerkowerheid en die regspraak beperk. Hierdeur het die huisgesin hoe langer hoe meer sy natuurlike grondslag as fisiese eenheid verloor. Die toestand is egter nog veel erger. Die hele moderne lewe is 'n mag wat die huisgesin en huislike opvoeding afbreek en inkort. Die werk neem die man en soms ook die vrou en kind so in beslag dat hulle saans moeg tuiskom en smôrens vroeg werk toe moet gaan. Hierdeur is daar geen tyd of lus vir die kweek van 'n familiesin, vir die opvoeding van die kinders of selfs vir die beoefening van die godsdiens nie.²⁾

Ook van die kant van die nuwe teorie oor die huwelik en familielewe word die huisgesin bedreig.³⁾ Geboortebeperking bring mee dat die aantal kinders na willekeur beperk word. As die kind egter tog gebore word, word hy reeds vroeg aan die staat oorgelewer om op één skool na één model opgevoed

1. Sien Bavinck: Hedendaagsche Moraal, 68.

2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 181.

3. Bavinck: Hedendaagsche Moraal, 58.

te word.

Teenoor hierdie skadusy sien Bavinck egter ook die ligsy. Vir baie het die gevare wat die huisgesin en die huislike opvoeding bedreig, reeds duidelik geword. Daarom het verskillende opvoedkundiges, onder wie Bavinck 'n besonder belangrike plek beklee, hulle ten doel gestel om deur hervorming die onderwys en opvoeding in die regte weg te stuur. Vereniginge trag om seuns en dogters teen verleiding te beskerm, om getroude mans van die sondige weg af te hou, om die wat verlore is, te soek, om die wat geval het, te red.

Om dit te doen, is liefde nodig ¹⁾ en daartoe is sosiale en politieke hervorming nie in staat nie. Die staat kan nie die sfeer van liefde wees nie: dit bly die sfeer van reg. Dit kan die evangelie nie preek nie maar verkondig die wet. Daarom kan die staat nooit die taak van die huisgesin oorneem of vervang nie: dit kan nie vader of moeder wees om die kind te voed en op te voed nie. ²⁾

Die staat het egter sy hoë roeping om as dienaar van God die regte van die huisgesin en maatskappy, van elke burger en elke kring te erken en te beskerm. ³⁾ So is dit ook die staat se plig om vir die onderwys en opvoeding te help sorg, as die ouers nie meer daartoe in staat is nie. Die hele opvoeding kan egter nie deur die staat oorgeneem word nie, want die ouers, by wie die ouerliefde 'n groot misterie en onuitputlike lewenskrag is, sal hulle nooit van hul kinders laat skei nie. Hulle wil die kinders nie alleen voortbring nie, maar ook opvoed. Die ouer bly aan sy kind gebonde tot sy sterwensuur toe. ⁴⁾

-
1. Sien Bavinck: De Zekerheid Des Geloofs, 100 - 103.
 2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 187.
 3. Ibid.
 4. Ibid., 192.

Dit verheug Bavinck dat daar aan die opvoeding van die vrou soveel aandag bestee word, omdat die moeder se taak by die opvoeding van haar kinders so groot is en sy daarom goed toegerus moet wees.¹⁾

Bavinck sien vir die huisgesin weer 'n toekoms en hy beskou dit as noodsaaklik dat die huislike opvoeding die belangrikste plek in die kind se lewe moet inneem, omdat die huisgesin die ideale opvoedingsinstituut is en bly.

Dit is vir die huisgesin egter onmoontlik om die kind op te voed en te onderwys sodat hy vir sy lewenstaak volkome toegerus is. Daarvoor is die skool nodig. Die skool is 'n staatsinrigting wat met opgeleide manne en goeie uitrusting die verdere ontwikkeling van die kind ter hand neem.

Ons gaan dus nou daartoe oor om in die volgende hoofstuk meer in besonderhede Bavinck se sielkunde en sy opvoedkunde in hul verband na te gaan.

9. Samevatting.

(i) Die huisgesin het vir Bavinck sy oorsprong in God by die skepping. Dit bestaan uit die man, die vrou en kinders wat elk hulle eie roeping in die lewe het. Almal werk aan die Goddelike werk en kan sonder mekaar nie bestaan nie.

(ii) Deur die sonde van Adam en Eva is die huisgesin versteur en moet die mens voortaan met moeite en smart sy werk verrig en sy plig nakom.

(iii) So ontaard die huisgesin onder die volke van die wêreld in sonde tot 'n byna dierlike instelling, terwyl dit by Israel, wat God geken het, in die regte weg gaan.

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 205.

(iv) Waar die vrou in Eva geval het, word sy deur die geboorte van Jesus uit Maria weer opgehef. Die huisgesin word onder die Christendom tot die ideale opvoedingsinrigting verhef.

(v) Die huisgesin is en bly vir Bavinck die ideale opvoedingsinstituut, omdat daarin verteenwoordig is alles wat die kind vir sy opvoeding nodig het. In die huisgesin is die eenheid en verskeidenheid, daar is die ideale opvoeders, naamlik die ouers en daar is die geleentheid tot opvoeding.

(vi) Die huisgesin wat vol lewe en geleentheid is, is verder 'n gawe van God; dit dra 'n besondere karakter wat geskik is vir die opvoeding en dit omvat die hele mens by die opvoeding.

(vii) Die maatskappy kan alleen gered word deur die huisgesin op 'n gesonde basis te bring.

(viii) Bavinck sien vir die huisgesin 'n toekoms, omdat dit maar altyd weer duidelik word dat die behoud van die maatskappy van die behoud van die huisgesin en huislike opvoeding afhang.